Totius-Akademie

Onafhanklike skool vir Christelike onderwys van hoë gehalte

Hoek van Molen- en Esselenstraat, Potchefstroom ☎ (018) 294 4800

Posbus 19949, Noordbrug, 2522 **Hoof**: Dr MM Pelser-van der Merwe

REGISTRASIE van leerder (2018)

- *Registrasie en herregistrasie van leerders word gereël deur die skool se Toelatingsbeleid.*
- *Hierdie vorm is 'n ooreenkoms (kontrak) tussen die ouers*[1] *en Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO)*[2] *wat die basis vorm waarvolgens wedersydse verpligting tussen die ouers en die skoolvereniging gereël word. Die Beheerliggaam van die Totius-Akademie en die prinsipaal as hoof-uitvoerende beampte van die skool tree namens die skoolvereniging op ten behoewe van die skool.*
- *Vir elke leerder wat by die skool ingeskryf word, moet 'n aparte vorm ingevul word.*
- *Registrasie van leerders vind jaarliks plaas. Hierdie vorm moet dus jaarliks ingevul en geteken word voordat die leerder onderrig kan ontvang.*
- *Die Beheerliggaam van die Skoolvereniging behou hom die reg voor om in besondere omstandighede hertoelating te weier.*

1 Besonderhede van leerder

Hiermee skryf ondergetekende(s) die volgende leerder in by Totius-Akademie:

Van (familienaam)			
Volle name			
Noemnaam			
ID nommer			
Geboortedatum			
Graad waarvoor registrasie geld		**Geslag**	
Mediese inligting oor leerder			
Gereelde medikasie			

[1] In die res van die dokument word die term "ouer" verstaan ooreenkomstig die Onderwyswet, Art 1, om ook 'n wettige voog in te sluit. Slegs wettige ouers/voogde wat by magte is om die kontrak met die skool aan te gaan vir die onderwys van hulle kind, vul in en teken. Waar ouers vervreemd of geskei is, moet sover moontlik beide die ouers se gegewens ingevul word en moet beide ouers teken. In geval van 'n enkelouer wat alleen voogdyskap oor 'n kind het, moet dit duidelik aangedui word.

[2] Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO) is die eienaar van die skool.

Allergieë en ander belangrike mediese inligting			
Mediese fonds[3]			
Naam van mediese fonds			
Hooflid se voorletters en van			
Nommer van mediese fonds			
Verdere besonderhede[4]			
Huisdokter			
Van en naam/voorletters			
Telefoon			
Kontakpersoon in geval van nood (buiten ouers)			
Naam en van		Kontaknommer	

2 Besonderhede van ouers

	Ouer 1	Ouer 2
Van (familienaam)		
Volle name		
Noemnaam		
ID nommer		
Woonadres		
Posadres		
Huistelefoon		
Selfoon		

[3] Indien daar geen mediese fonds is nie, laat blanko.

[4] Noem die afhanklike-kode en die mediese fonds-plan, indien beskibaar.

Werktelefoon		
E-posadres		
Gemeente[5]		
Betrokkenheid by skool[6]		

3 Algemene ondernemings deur ouer[7]

Ek het die Toelatingsbeleid van Totius-Akademie gelees en registreer hiermee bogenoemde leerder binne die gestelde raamwerk.

Aangesien ek dit vir die skool moontlik wil maak om volgens sy missie-stelling onderwys aan die leerder te gee, gee ek die volgende ondernemings, toestemmings en erkennings:

3.1 Dokumente

- Ek stem in dat die leerder onderrig ontvang ooreenkomstig die **reformatoriese grondslag** soos verwoord in die Konstitusie van Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO) en soos verder uitgewerk in die **Skoolcredo**.[8]
- Ek het die **visie, missie en waardes** van Totius-Akademie gelees, vereenselwig my daarmee en sal dit in die onderwys van die leerder bevorder. Ek is bewus dat die dokument met die visie, missie en waardes van die skool as ’n integrale deel van hierdie ooreenkoms beskou word.
- Ek het kennis geneem van die **Gedragskode** van Totius-Akademie en onderneem om toe te sien dat daar aan die bepalings daarvan voldoen word in soverre die Gedragskode bepaalde optrede van my as ouer of van die leerder vereis.[9]
- Daarbenewens besef ek dat sou ek versuim om aan die inhoud van voormelde dokumente te voldoen, die Beheerliggaam van die skool oor die reg beskik om hierdie ooreenkoms te kanselleer.

3.2 Algemeen

- Ek onderneem om tuis ’n geskikte leeromgewing te skep vir die leerder, waaronder ’n plek waar hy/sy kan studeer en lees, goeie orde en dissipline wat die leerder leer om tyd goed te bestuur, asook my eie betrokkenheid by die leerder se skoolwerk.

[5] Meld die kerkverband en gemeentenaam waar u aktiewe lidmaat is, bv. Gereformeerde Kerk Potchefstroom; AGS Bailliepark.

[6] Ouers noem hier ’n besondere kundigheid waarvan die skool gebruik kan maak, of bied aan om op ’n werkgroep/ouerkomitee te dien soos byvoorbeeld: Eiendomme, Finansies, Reklame en werwing, Onthaal en funksies, Onderrig-Advieskomitee. Afgesien van oueraande en hulp aan die leerder, word van ouers verwag om op een of ander wyse te help om die skool te administreer en te laat groei. Nie alleen help dit om onderriggeld te beperk nie, maar daardeur bly ouers ook op ’n besondere manier by die onderrig van hulle kinders betrokke en is die skool in die opsig ’n ouerskool.

[7] Die onderneming word in hierdie en die volgende hoofpunt in die enkelvoud gestel, aangesien dit geld vir elk van die ouers wat onderteken.

[8] Skoolcredo: "Merktekens van die Christelike skool".

[9] Die Gedragskode is tans in hersiening en sal vroeg in 2018 beskikbaar wees.

- Ek onderneem om die onderwysers in hulle onderwystaak te steun en lojaliteit by die leerder teenoor elke onderwyser te bevorder. Indien ek kritiek of vrae oor die optrede van ’n onderwyser het, sal ek dit langs die weg van persoonlike gesprek probeer oplos ooreenkomstig die Skoolorde[10] en die waardes van die skool.
- Ek verstaan dat die Christelike inhoud van die onderwys aan Totius-Akademie bou op onderrig wat tuis en by die kerk gegee word. Ek onderneem daarom om toe te sien dat die leerder sy/haar eie Bybel het, dat daar in die huis die nodige onderrig uit die Bybel gegee sal word en dat die leerder ook by die kerk die kategese nougeset sal bywoon.
- Ek onderneem om die skool onverwyld in kennis te stel indien my omstandighede of belangrike inligting omtrent myself of die leerder verander, bv. verandering van adres of telefoonnommer, as ek my werk verloor, indien die leerder met ’n mediese toestand gediagnoseer word waarvan die skool behoort te weet, ensovoort.
- Ek onderneem om sover moontlik vrywillig, dit wil sê sonder vergoeding, diens te lewer op werkgroepe en komitees van die skool.
- Ek verstaan dat die skool tans slegs in beperkte mate aan buitemuurse aktiwiteite aandag kan gee en verstaan dat dit belangrik is dat die leerder waar enigsins moontlik buite skoolverband aan sport en/of ander liggaamlike oefening, asook aan kulturele aktiwiteite deelneem.
- Daarbenewens besef ek dat verkeerde en misleidende voorstellings in hierdie ooreenkoms as ’n geldige grond kan dien dat die Beheerliggaam hierdie ooreenkoms kanselleer.

3.3 Bevestiging van status van toelating

Ek verstaan dat die toelating van bogemelde leerder (merk soos van toepassing is):

☐ **Onvoorwaardelik** is;

☐ **Voorwaardelik** is, onderhewig aan voorwaardes wat skriftelik aan my meegedeel is en waartoe ek my verbind.

3.4 Toestemming en vrywaring

- Ek gee toestemming dat die leerder deelneem aan al die buitemuurse aktiwiteite wat Totius-Akademie aanbied, insluitend atletiek, opvoedkundige uitstappies en speletjies op die skoolterrein, tensy ek in spesifieke gevalle skriftelik die leerder aan ’n aktiwiteit onttrek of hierbo by mediese inligting aangedui het dat hy/sy nie aan sekere aktiwiteite mag deelneem nie en dit ook persoonlik onder die prinsipaal se aandag gebring het.
- Ek verstaan en aanvaar dat alle toere en uitstappies wat onderneem word, op eie risiko geskied en vrywaar hiermee Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO), Totius-Akademie en al die verteenwoordigers en werknemers van die vereniging en skool teen enige eise wat mag voortspruit uit enige verlies of skade aan eiendom of besering aan enige persoon en/of aan die leerder in die verloop van enige aktiwiteite of uitstappies (ingesluit alle vervoer) in die wete dat die verteenwoordigers en werknemers van die vereniging en skool alle moontlike voorsorg tref vir die veiligheid en welstand van die leerders.
- Ek gee ook aan die vereniging en skool, en die verteenwoordigers en werknemers, toestemming dat die leerder na 'n dokter of hospitaal geneem mag word as daar 'n noodgeval is waartydens ek nie gekontak kan word nie. Ek aanvaar hiermee aanspreeklikheid vir die betaling van enige en alle koste wat daaruit mag voortspruit. Ek aanvaar ook dat, indien geen mediese fonds op hierdie vorm aangedui word nie of foutief aangedui word, die leerder na ’n openbare (staats-) hospitaal vir behandeling geneem sal word.

[10] ’n Hersiene Skoolorde word vroeg in 2018 beskikbaar gestel.

4 Finansiële ondernemings deur ouer

4.1 Ek verstaan dat Totius-Akademie nie subsidie van die staat ontvang nie en dus hoofsaaklik afhanklik van skoolgeld is om te kan funksioneer.

4.2 Ek onderneem om die skoolgeld ten opsigte van bogenoemde leerder gereeld te betaal, naamlik registrasiegeld van R500, en skoolgeld van R20 000 ten opsigte van 'n leerder in Graad 1-3 of R22 500 ten opsigte van 'n leerder in Graad 4-7, met dien verstande dat:

- in die geval van 'n beurshouer, 'n spesiale reëling getref word soos in punt hier onder uiteengesit word ten opsigte van sommige of al die skoolgeld;
- kortings op genoemde bedrae ten opsigte van tweede en derde leerders in 'n gesin geld;
- skoolgeld *pro rata* bereken word vir gevalle waar leerders gedurende die jaar inskryf of vertrek;
- registrasiegeld nie terugbetaalbaar is nie;
- enige diens wat die skool ten opsigte van nasorg (naskool) mag aanbied, deur 'n aparte ooreenkoms tussen my en die skool gereël word indien die skool sodanige diens aanbied.

4.3 Betaling deur ouer[11]

- Ek is vir die volgende jaarlikse skoolgeld verantwoordelik: R ..... [12]
- Ek onderneem om die skoolgeld ten volle te betaal teen Oktober 2018, tensy ek verkies om vooruitbetalings te doen op genoemde betaalwyse, naamlik op die volgende **tye**:
  - Die eerste maand (tipies Januarie) se skoolgeld, betaalbaar voor of op die eerste skooldag;
  - Die restant (tipies Februarie tot Oktober se skoolgeld) maandeliks vooruit betaalbaar voor die vyfde dag van die betrokke maand waarvoor dit geld.
- Ek onderneem om die skoolgeld op die volgende **wyse** te betaal: ..... [13]
- Ek verstaan dat die skoolgeld betaalbaar is, hetsy die skool 'n rekening aan my stuur of nie.
- Ek verstaan dat toegang tot die skool onmiddellik opgehef kan word wanneer die leerder se skoolgeld 'n maand agterstallig is, dat resultate van assesseringsgeleenthede teruggehou kan word, en dat herregistrasie vir 'n volgende jaar geweier kan word as betalings gereeld laat is.
- Ek onderneem om die skool te voorsien van dokumentêre bewyse in die geval van elektroniese betalings (EFT's) van skoolgeld indien die tesourier sodanige bewyse nodig het.
- Ek verstaan dat ek steeds verantwoordelik gehou sal word vir alle uitstaande gelde wanneer die leerder die skool verlaat, asook moratore rente (rente op agterstallige bedrae) en enige regskoste wat kan ontstaan indien die gelde deur 'n prokureur ingevorder moet word.
- Ek onderneem om een maand skriftelik kennis te gee indien die leerder die skool verlaat. Ek verstaan dat ek aanspreeklik gehou sal word vir een maand se skoolgeld nadat skriftelik kennis gegee is, en by gebrek aan sodanige kennisgewing, een volle kalendermaand nadat die leerder die skool verlaat het. Ek verstaan ook dat die skool geen oorplasingsdokumentasie kan voorsien aan leerders wat die skool verlaat sonder dat alle finansiële verpligtinge ten volle betaal is nie.

[11] Word ingevul waar ouers self vir die volle skoolgeld verantwoordelik is of vir die restant, nadat 'n beurs toegeken is.

[12] Die bedrag in 4.2 genoem, tensy 'n beurs toegeken word soos in 4.4 bevestig word. In laasgenoemde geval word die restant ingevul. Voorbeeld: R20 000 verskuldig, minus 'n beurs van R15 000: Vul hier in: R5 000.

[13] Kontant, per elektroniese bankoorbetaling (ETF) of per aftrekorder.

- Ek verstaan dat beide ouers kragtens die Skolewet en hierdie ooreenkoms aanspreeklik gehou kan word vir betaling van skoolgelde, tensy daar uitdruklik ooreengekom word dat slegs een van die ouers of 'n ander party ten volle vir die skoolgelde verantwoordelik is of as slegs een ouer die ooreenkoms teken. [14]

4.4 Spesiale bepalings[15]

Spesiale bepalings:	OUER 1: ……...
.....	
.....	OUER 2: ……...
.....	Namens die skool:
.....	……...
.....	Namens die skool:
.....	……...
.....	Datum: ……...

5 Bedrag met registrasie betaal[16]

Registrasiegeld	R500,00
Eerste maand se skoolgeld[17]	R
TOTAAL	R

GETEKEN:

OUER 1: …… Datum: …… Plek: ……...
(Handtekening)

Getuie: ……..... ……
(Voorletters en van)) *(Handtekening)*

[14] Sien 4.4 hier onder.

[15] Indien slegs een ouer of 'n derde party/beurshouer aanspreeklikheid vir die betaling van skoolgelde of 'n gedeelte aanvaar, in die geval van betaling deur 'n borg (dus die toekenning van 'n beurs) of in die geval van enige ander spesiale bepalings, moet so 'n bepaling hier beskryf en onderteken word. In die geval van 'n beurs moet die bedrag van die beurs duidelik aangedui word. Die ouer(s) en die verteenwoordigers van die Beheerliggaam moet by die spesiale bepalings teken:

[16] In kontant of met die betaalbewys aangeheg. Die ouers self is gewoonlik vir die registrasiegeld verantwoordelik in die geval van 'n beurs.

[17] Opsioneel indien registrasie voor die eerste skooldag plaasvind. Verpligtend indien registrasie daarna plaasvind.

OUER 2: …… Datum: …… Plek: ……...
(Handtekening)

Getuie: ……..... ……
(Voorletters en van)) *(Handtekening)*

6 Onderneming deur skool

Hiermee onderneem Totius-Akademie om binne sy vermoë sy missie-stelling gestand te doen, naamlik om as onafhanklike skool Christelike onderwys van hoë gehalte deur medium van Afrikaans te bied aan die leerder wat ingeskryf word.

Die skool bevestig hiermee ook sy visie en waardes, en dat onderrig sal plaasvind ooreenkomstig die grondslag van Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO), soos verder uitgewerk in die Skoolcredo.[18]

GETEKEN:

Verteenwoordiger van Beheerliggaam:

……..... Datum: ……..

Prinsipaal: ……..... Datum: ……..

Alle ondertekenaars moet asseblief ook al die ander bladsye parafeer.

'n Fotokopie van die getekende dokument is op aanvraag beskikbaar.

[18] Soos geformuleer in die volgende dokumente: (1) Konstitusie van die Potchefstroomse Calvinistiese Ouervereniging (PCO), ook bekend as Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO); (2) Visie, missie, waardes en leuse; (3) Merktekens van die Christelike skool.